NET VIR OUERS:

Liefde is die basiese bestanddeel van alles wat jy met jou kinders doen. Wees life vir jou kinders, wys dat jy hulle liefhet. Onthou, jou kinders spel liefde só: T - Y - D. Op Hierdie manier sal hulle van jongs af besef dat God liefde is (sien Johannes 4:7, 11-12) en altyd tyd het vir sy kinders.

NOTAS

WAT IS DIE LEWE SONDER NOAG?
WEEK 2

BESTE EN SLEGSTE

Gee elkeen ‘n kans om oor die beste en slegste oomblik van elkeen se dag te gesels.

WAAR HET JY JEUSUS VANDAG ONTMOET?

Gesels met mekaar oor waar elkeen vandag vir Jesus ontmoet het, of oor iemand wat jou aan Hom laat dink het.

Bybel:

Lees: Genesis 6:1-9, 22; 7:5-16, 9:11, 13-15.

Steek ‘n kers aan as ‘n simbool daarvan dat die Bybel die lig vir julle pad is (jullle kan die gebruik weekliks herhaal). Lees dan die gedeeltes uit Genesis.

* Watter insig gee hierdie gedeeltes vir jou oor God, met ander woorde wat leer jy van God?
* Wat sê God vir jou

Sien nou Hierdie bekende storie voor jou af-speel:

Lank, lank gelede kom daar ‘n man met ‘n “onbeduidende klein versoekie” by sy

koning aan. Dit vind alles plaas terwyl die koning in die paleis sit en kyk na ‘n skaakspel op ‘n reuseskaakbord wat daar opgestel is. Die onbeduidende klein vesoek? ‘n Enkele ryskorrel op die eerste blok van die skaakbord wat dan verdubbel word met elke blok (onthou, daar is 64 blokkies op ‘n skaakbord.). Die koning dink dis ‘n belaglike versoek en staan dit sonder om twee maal te dink.

En daar stap die man skatryk weg - met sake en sake rys!
Probeer gou die som maak - dit sal jou asem wegslaan.
Sien, dit is wat Jesus vandag met so ‘n gelykenis sou wou tuis-bring. Onbeduidend klein word yslik groot. En as ons groot God die som maak, is die gevolge nog meer verstommend vir ons klein menslike verstand.

Dawid Momsen was ‘n Deense sendeling wat in die laat 1800’s op die eiland Sumatra gewerk het. In die twintig jaar wat hy daar werksaam was, het hy nooit enige vrug op sy arbeid gesien nie - nie ‘n enkele bekeerling nie. Hy het wel ‘n paar mense leer lees en die Nuwe Testament en Luther se kort kategismus vertaal. Uiteindelik is hy vervolg en diep in die oerwoud doodge-maak deur kannibale - die einste mense met wie hy die liefde van God gedeel het. Geen ander sendeling is oor weer in sy plek gestuur nie. Baie jare later, gedurende die Tweede Wêreldoorlog, is ‘n Amerikaanse vegvliegtuig beskadig en die vlieënier moes ‘n noodlanding op die eiland maak. Terwyl hy uit die wrak strompel, storm die eilandbewoners gewapen met spiese op hom af. Hy dog hier het sy einde aangebreek! Maar toe ontdek hy hulle is Christine. Na Momsen se dood het daar blykbaar ‘n inheemse kerk tot stand gekom. Uit die onbeduidende kleine - ‘n vertaalde Nuwe Testament, Luther se kategismus en enkele mense wat kon lees - het ‘n kerk ontstaan, ‘n toonbeeld van God se grootheid. Onbeduidend klein word yslik groot in God se hande!

Ons dink hopeloos te klein oor God, en oor waartoe Hy instaat is - Dink groot, dink God!
In Hosea 11:9 staandaar mos nie verniet nie: “Ek is God, en nie ‘n mens nie.” Kom ons leef altyd daaruit.

DOEN SAAM:
Dankie 365 is ’n projek wat julle gesin gaan aanpak. Neem vir ’n jaar lank elke dag ’n foto van iets waaroor julle dankbaar is, of skryf kort-liks neer waarom julle dit waardeer. Kyk na Hailey Bartholomew se *365 Grateful Project* by www.365grateful.com vir meer besonderhede oor hoe om dit te doen. Dit sal ’n lewens-veranderende gesinsprojek wees. Vertel ook vir ander gesinne daarvan sodat meer dit saam kan aanpak.

GEBED:

Gebruik die volgende om julle te laat focus op on groot God se dade:

* Dink aan al die bewyse van God se grootheid in die wêreld.
* Aanbid God omdat Hy so groot is (bid byvoorbeeld Psalm 92:2-7).
* Dank Hom vir alles way Hy vir julle doen
* Eindig met voorbidding vir ander mense en sake.



LEEF JOU GELOOF:

Besluit saam watter klein mosterdsaadjie-dade julle as gesin kan doen sodat ander mense iets groots daardeur kan erveer. Maak byvoorbeeld ‘n kaartjie met ‘n paar van die mooiste trooswoorde daarop. Maak dit persoonlik, deur byvoorbeeld elke gesinslid se duimafdruk agterop die kaartjie te sit. Besluit saam vir wie julle die kaartjie gaan gee.